SAWA Noord-Boland

Kampnuus (Onrusrivier)

Jaargang 44, Kampnuus 7
September 2026





Bestuur – 2026/27

Voorsitter	Marius van der Mescht	083 651 8547	alma.marius@gmail.com
Ondervoorsitter	Johan Zaayman	084 682 8934	stuworcester@gmail.com
Sekretaresse	Elzané Kellerman-Schietekat	082 078 1558	elzanekellerman@gmail.com
Penningmeester	Louise de Wet	084 941 1993	finance@norsa.org
Skakelbeampte	Filipe Valverde	082 569 4881	valverde.filipe@gmail.com
Addisionele Lid	Estie Viljoen	082 415 5052	estieviljoen59@gmail.com

Inhoud: Inleiding / Kampnuus / Kampprogram



Inleiding

Goeiedag almal,

Hiermee ons nuutse Kampnuus. Ons saamtrek by Onrusrivier was weereens baie populêr. Die koue, nat weer was nou nie wat mens sal bestel vir kamp nie - maar ons is baie dankbaar vir die watertjies wat geval het; die sawanante het nietemin lekker gekuier. Sien fotos onder.

Dankie aan Streek Helderberg wat die saamtrek gereël het.

Soos normaal word ons *jaarkampprogram* onder aan die Kampnuus weergee - dit wys die laaste saamtrekke van 2026 asook die volle 2027 program. Hier en daar kort finale bevestigings wat ons sal kommunikeer sodra beskikbaar by wyse van ons Whatsapp groep en/of die Kampnuus. In spesifiek lig ons graag uit dat hierdie jaar se *100+ Kamp* steeds by Wolvenberg aangebied gaan word die naweek van 4-6 Desember; Rawsonville se munisipaliteit bou 'n tydelike pad waar die brug weggespoel het en ons glo dit sal klaar wees teen daardie tyd.

Sien mekaar weer by Appelkosie Woonwapark, Montagu

09-11 Okt '26 as net die naweek of 09-16 Okt met die NB Wegbreekweek

Filipe

Kampnuus - Onrusrivierwoonwapark
(September 2026)

ONRUS KAMPPROGRAM
11-13 September 2026
Kampkoördineerders: HB Bestuur (**0828791478**)

Klein Honde welkom

Noodnommers: Skakel **112**; Netcare911--> **082 911**; Ambulans --> **10177**

Die tema vir die naweek is Snoekfees en lekker kuier. Kobus gaan Saterdag heerlike Smoor Snoek maak met patat en rys.

VRYDAG

- **18:00** Boekevat - Gawie woonwa (Sorina)
- **18:30** Pap en Wors – R30 per persoon (Bestellings vooraf)
  ⇒Pap en Wors bestellings teen 8 September 2026.
  ⇒Kuier saam om 'n lekker vuurtjie.

SATERDAG

- **10:30** Kom speel saam "Petangue Game" Franse boules. R10 inskrywing, per persoon. Ons begin by Bertie se karavaan.



- **10:00 – 17:00** Wit Olifant tafel. Ter **kersfonds** insameling, kom maak 'n prys vir enige item/toerusting op die tafel.
  ⇒Wit olifant tafel by Bertie se karavaan. Skenk enige kamp item/toerusting wat jy in die laaste jaar nie meer gebruik het nie. Plaas op die tafel sonder prys, asb.
  ⇒Bydrae tot die wit olifant tafel kan afgegee word by Gawie, Kobus of Bertie voor of op 8 September 2026 of saambring.

- **18:00** Smoor snoek en patat met rys. – R30 per persoon. (by Kobus se woonwa)
  ⇒Vooraf bestellings vir die smoor snoek teen 8 September 2026.
  ⇒Res van die aand lekker saam kuier vuur.



SONDAG

- **09:30** Erediens - Gawie woonwa (Sorina)
  ⇒Daarna voorsitterstee - bring asb. bordjie met eetgoed

Noord-Boland en Helderberg was die afgelope naweek (11-13 Sep '26) by die baie gewilde Onrusrivier woonwapark.

Perfekte weer vir leë damme - maar vir kamp het die koue en naterigheid ons besig gehou. Maar dit skrik nie ons sawanante af nie. Ons was saam so 20 woonwaens/tente/woonmotors. En was die kokke nie besig gewees die naweek nie!? Dankie Helderberg. Die kos wat bedien is was wenners: Pap&wors die *Vrydagaand* na boekevat en *Saterdagaand*, na 'n dag waar almal hul eie paadjies gevat het en die area gaan geniet, was dit smoorsnoek tyd.

Vir nagereg het die kampkoordineërders 'n Springbok/All Blacks wedstryd gereël (in die VSA; ons moes wag tot 23h00 die aand!). Om dit af te rond wen die Bokke dié wedstryd en sommer die reeks ook.

Sondag oggend is die naweek afgesluit met die gebruiklike Sondagdiens gelei deur Edward en Marthie Leach, gevolg deur Gawie se voorsitterstee.

Geniet die fotos.....

Filipe





Noord-Boland pronk te Onrusrivier met sy 1ste wimpel




Boekevat Vrydagaand


Wag geduldig vir die Pap & Wors


Die kook meesters!




Dié smoorsnoek was 'n wener!




Gister se pap word brekfis!


Die wit Olifant tafel




Tian vertel van sy Protea & wingerd boerdery!





Dankie Johan vir die "Big Screen"







Die weer was nie warm !





Baie geluk aan dié wat meriete en aansporingsplaatjies ontvan het















En kraterplaatjies:
Loop rond in pajamas; Sluit vrou in kar; Los elektriesedraad by die huis



Mooie Onrusrivier kampterrein ....





NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2026

MAAND	DATUM	STREEK WAT AANBIED	KAMP TERREIN
Okt	09 tot 16	Helderberg/Noord-Boland	APPELKOSIE, Montagu
Nov	20 tot 22	Noord-Boland	KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP)
Des	04 tot 06	Noord-Boland	WOLVENBERG BOSKAMP, Rawsonville (100+)

NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2027

MAAND	DATUM	AANGEBIED DEUR	KAMP OORD
Jan	Vry 15 -> Son 17	Helderberg	LEENTJIESKLIP, Langebaan
Feb	Vry 12 -> Son 14	Noord-Boland	STAY @ GOUDYN (WATERGAT), Rawsonville. Oord+datums mag verander a.g.v. beskadige brug by Rawsonville.
Mrt	Vry 12 -> Son 14	Gebied	DE HOLLANDSCHE MOLEN (Gebiedskamp)
Apr	Vry 23 -> Din 27	Helderberg	GUANO CAVES - Montagu omgewing (Langnaweek)
Mei	Vry 21 -> Son 23	Noord-Boland	GANZEKRAAL, Grotto Bay
Jun	Vry 18 -> Son 20	Noord-Boland	KLIPRIVIER PARK, Tulbagh
Jul	Geen kamp		
Aug	Vry 13 -> Son 15	Suidweskaap	Gesamentlike AJV's. Finale kampbesonderhede moet nog bevestig word
Sep	Vry 10 -> Son 12	Noord-Boland	BERGENWATER, Rawsonville
Okt	Vry 08 -> Son 10	Helderberg	ONRUSRIVIER WOONWAPARK, Onrusrivier
Okt	Son 10 -> Sat 16	Noord-Boland	STRUISBAAI WOONWAPARK (Wegbreekweek)
Nov	Vry 19 -> Son 21	Helderberg	WOLVENBERG BOSKAMP, Rawsonville (Kerskamp)
Des	100+Kamp: Normal 1ste naweek Desember - Kampbesonderhede sal op 'n later stadium bevestig word		

